# Studie- en eksamenvaardighede
## Eksamenwoorde

| Eksamen-woord | Betekenis |
|---|---|
| Benoem | Gee 'n naam aan; gee in woorde sonder enige verduideliking |
| Beplan | Besluit en berei vooraf hoe, wanneer, waar en deur wie iets gedoen sal word |
| Bereken | Bepaal deur 'n metode te gebruik |
| Beskryf | Gee die besonderhede en feite van iets in volsinne sonder om redes te verskaf |
| Bespreek | Praat of skryf in besonderhede oor iets, gee verskillende idees en argumente oor die onderwerp |
| Bevind | Gee 'n kort interpretasie van die resultate of gee 'n opsomming |
| Bewys | Verduidelik waarom jy sê wat jy sê |
| Definieer | Verduidelik en omskryf noukeurig, soos in 'n woordeboek |
| Evalueer | Ondersoek die feite noukeurig en kom tot 'n gevolgtrekking |
| Formuleer | Beskryf 'n idee of hipotese op so 'n manier dat die betekenis duidelik is |
| Gee redes | Verduidelik en gebruik voorbeelde om te motiveer |
| Identifiseer | Soek, wys aan en noem op |

| Eksamen-woord | Betekenis |
|---|---|
| Illustreer | Gee 'n voorbeeld van wat jy bedoel of verduidelik dit visueel |
| Kies | Soek die beste of mees korrekte opsie tussen die opsies wat gegee word |
| Klassifiseer | Groepeer bymekaar wat op die een of ander manier dieselfde is |
| Lei af | Kom tot 'n gevolgtrekking op grond van die feite |
| Lys | Skryf die name, getalle of dinge waarvoor gevra is onder mekaar neer, elkeen op 'n nuwe lyn |
| Meld | Noem op of skryf die inligting neer waarvoor gevra is |
| Noem | Gee in woorde sonder enige verduideliking |
| Ondersoek | Volg 'n sistematiese manier om 'n probleem te analiseer om by 'n beproefde gevolgtrekking uit te kom |
| Onder-steun | Gebruik voorbeelde om te bewys wat jy gesê het |
| Ontwerp | Lê uit op 'n duidelike, visuele manier; teken 'n plan vir iets op papier, of maak 'n model |

| Eksamen-woord | Betekenis |
|---|---|
| Pas toe | Gebruik jou kennis van 'n onderwerp om 'n probleem of situasie te bespreek of op te los; by gevallestudies moet jy dikwels dít wat jy geleer het, toepas op die gevallestudie as spesifieke voorbeeld |
| Selekteer | Kies |
| Som op | Kom tot 'n kort gevolgtrekking |
| Stel voor | Gee idees, oplossings of redes vir iets |
| Tabelleer | Rangskik inligting in tabelvorm, moenie in paragrawe verduidelik nie |
| Teken | Toon aan op 'n visuele manier |
| Teken | Vind of wys op 'n grafiek deur gebruik te maak van die x- en y-koördinate |
| Vat saam | Gee slegs die hoofpunte kortliks, gebruik sinne, kolpunte of 'n visuele instrument, soos 'n geheuekaart |

| Eksamen-woord | Betekenis |
|---|---|
| Verduidelik | Gee die besonderhede van iets in volsinne en verskaf redes |
| Vergelyk | Beskryf aspekte wat ooreenstem en dié wat verskil |
| Vind | Identifiseer tussen ander moontlikhede, of kry relevante inligting |
| Voltooi | Vul die leë spasies met jou geskrewe antwoorde |
| Vors na (doen navorsing) | Vind, interpreteer en pas inligting van verskillende bronne toe |
| Werk uit | Gebruik 'n logiese metode om by die antwoord uit te kom |

© Oxford University Press Southern Africa (Edms) Bpk. 2012.